

BENODIGDHEDE

Sowat 175 g dubbelbreidraad vir beertjie; 50 g kontraskleur vir broek; paar gram donkerbruin vir oë, neus en bek; 2 knope; wasbare poliëstervulsel, verkieslik brandtraag; paar breinaalde van 3,25 mm; tapisserienaald vir borduurwerk; stekehouer.

MATE

Soos op skets aangedui.

SPANNING

26 ste en 35 rye = 10 x 10 cm oor koussteek met 3,25 mm-breinaalde. Pas dikte van jou breinaalde aan, indien nodig, om regte spanning te verkry.

AFKORTINGS

r – brei regs; aw – brei aweregs; st(e) – steek(steke); N(e) – naald(e); alt – alternatiewe; beg – begin; vermeer – vermeerder; vermin – verminder; vlg – volgende; m1 – maak 1 steek deur lus wat voor volgende steek lê, op te tel en regs in agterkant daarvan te brei; pat – patroon; oorbl – oorblywende; herh – herhaal; gl – glip; tes – tesame; grtgso – glip 1 steek, brei 1 steek regs, trek glipsteek oor; ks – koussteek; rif – riffelsteek, r1, aw1; R(V)K – regte (verkeerde) kant van werk; weersk – weerskante.

BEER

EERSTE POOT

*Gebruik hoofkleur en stel 44 ste op.

Beg met 'n r-ry en brei 50 rye ks*.

Plaas steke op 'n stekehouer.

TWEDE POOT

Soos eerste poot van * tot *.

Verbindingsry: Stel 3 ste op aan beg van vlg ry, dit vorm die helfte van kruis van agterpant, r oor dié 3 ste, dan r oor die 44 ste wat reeds op N is, draai, stel 6 ste op vir kruis van voorpant, r oor die 44 ste op stekehouer, draai en stel nog 3 ste op vir 2e helfte van kruis van agterpant – 100 ste.

Beg met 'n r-ry en brei 5 rye ks.

Vermeer-ry: r49, m1, r2, m1, r49. Brei 3 rye ks.

Vermeer-ry: r50, m1, r2, m1, r50. Brei 3 rye ks.

Herh die laaste 4 rye nog 4 keer, brei in elke herh van die vermeer-ry telkens 1 st meer voor die 1e vermeer, en 1 st meer ná die 2e vermeer – 112 ste.

Beg met 'n r-ry, brei 24 rye ks.

Hals- en skouervorming

1e (vermin) ry: r53, grtgso, r2,



'n Sagte
troetel-
beertjie en
'n klein
karnallie
kan gou
groot maats
word. Brei
dit self en
maak jou
kind se
hartjie bly.
Saamgestel
deur Sandra
Bodenstein

Brei 'n beertjie!

r2tes, r53. Brei 3 rye ks.

5e (vermin) ry: r52, grtgso, r2, r2tes, r52. Brei 3 rye ks.

9e (vermin) ry: r51, grtgso, r2, r2tes, r51 – 106 ste. Brei 3 rye ks.

13e (vermin) ry: r1, r2tes, r19, (grtgso, r2, r2tes, r22) 2 keer, grtgso, r2, r2tes, r19, grtgso, r1 – 98 ste. Brei 1 ry aw.

15e (vermin) ry: r46, grtgso, r2, r2tes, r46. Brei 1 ry aw.

17e (vermin) ry: r1, r2tes, r17, (grtgso, r2, r2tes, r19) 2 keer, grtgso, r2, r2tes, r17, grtgso, r1. Brei 1 ry aw.

19e (vermin) ry: r41, grtgso, r2, r2tes, r41. Brei 1 ry aw.

21e (vermin) ry: r1, r2tes, r15,

(grtgso, r1, r2tes, r16) 2 keer, grtgso, r2, r2tes, r15, grtgso, r1 – 78 ste. Brei 1 ry aw.

23e (vermin) ry: r36, grtgso, r2, r2tes, r36. Brei 1 ry aw.

25e (vermin) ry: r1, r2tes, r13, (grtgso, r2, r2tes, r13) 3 keer, grtgso, r1 – 68 ste. Brei 1 ry aw.

27e (vermin) ry: r1, r2tes, r11, (grtgso, r2, r2tes, r11) 3 keer, grtgso, r1. Brei 1 ry aw.

29 e (vermin) ry: r1, r2tes, r9, (grtgso, r2, r2tes, r9) 3 keer, grtgso, r1 – 52 ste. Brei 3 rye aw.

Vorm kop

1e (vermeer) ry: r12, m1, r2, m1, r24, m1, r2, m1, r12 – 56 ste. Brei

1 ry aw.

3e (vermeer) ry: r13, m1, r2, m1, r26, m1, r2, m1, r13 – 60 ste. Brei 1 ry aw.

Brei so voort, brei telkens 1 st meer voor die 1e vermeer, 2 ste meer tussen die 2e en 3e vermeer en 1 st meer ná die laaste vermeer in elke RK-ry tot daar 108 ste is. Brei 13 rye ks.

1e (vermin) ry: r24, grtgso, r2, r2tes, r48, grtgso, r2, r2tes, r24 – 104 ste. Brei 1 ry aw.

3e (vermin) ry: r23, grtgso, r2, r2tes, r46, grtgso, r2, r2tes, r23 – 100 ste. Brei 1 ry aw.

Brei so voort, brei telkens 1 st minder voor die 1e vermin, 2 ste

JY BENODIG

Babakombersie van sowat 125 x 90 cm; 155 x 120 cm katoenstof van goeie gehalte; sowat 8 m bypassende skuinsband; bypassende masjiengare; vilt en borduurwol in die kleure van jou keuse; dik borduurnaald met 'n skerp punt.

MAAK SÓ

- Torring omboorsel van kombersie af. Maak seker hoeke is haaks en teenoorstaande sye is ewe lank.
- Merk rand van sowat 10 cm rondom met rygsteke. Verdeel nou middelste deel in 12 blokke: 3 in breedte en 4 oorlangs. Merk met rygdrade.
- Teken ontwerpe van jou keuse op elke 2e blok en werk dit in kettingsteek. Jy kan ook die meeste van die ontwerpe uit vilt knip en met kettingsteek of komberssteek op die kombersie vaswerk.
- Steek kombers op katoenstof vas sodat 15 cm van katoenstof aan elke kant verbystee. Ryg vasaan kombers. Werkskuinsband op gemerkte sye van blokke vas, behalwe heel buitenste rand om blokke. Vou katoenstof wat verby kombers steek om na regte kant van kombers, vou soompie na binne en stik op rand vas. Jy kan skuinsband op dié rande ook vaswerk.



Foto PETER WHITFIELD; stilerings SANDRA BODENSTEIN

'n Erfstuk vir 'n klein skatjie

Wikkel jou kleinding toe in 'n besonderse stukkie warmte. Maak van 'n gewone babakombersie iets wat vir 'n paar geslagte groot plesier sal verskaf ... met net 'n bietjie borduurwerk en versterking. Deur Riana van der Merwe

INDIESE KETTINGSTEK

Werk kettingsteke volgens skets. Gebruik sowat 3 ska-

kerings of tinte van 'n kleur. Werk rye kettingsteek teen mekaar, in kleure wat van donker na lig op

mekaar volg. Kleure behoort nie te veel te verskil nie, sodat dit subtiel ineenvloei. Om spesiale

trekrag te verkry, kan jy egter met kleure wat meer verskil, eksperimenteer.

minder tussen die 2e en 3e vermin en 1 st minder ná die laaste vermin, tot 68 ste oorbly. Heg stewig af.

VOORPOTE (2)

Gebruik hoofkleur, stel 36 ste op en brei 38 rye ks. Heg af.

ORE (2)

Gebruik hoofkleur, stel 26 ste op en brei 30 rye ks. Heg af.

BROEK

Brei 2 eenderse pante.

EERSTE BROEKSPYP

Gebruik kontraskleur, stel 28 ste op. Brei 4 rye rif, dan 6 rye ks*. Plaas ste op 'n stekehouer.

TWEDE BROEKSPYP

Soos 1e broekspyp tot *.

Vlg (verbindings-) ry: r oor 28 ste van 2e broekspyp, stel 2 ste vir kruis op, draai, en r oor die 28 ste op stekehouer — 58 ste.

Brei 35 rye ks.

Slaan oor na rif, brei 6 rye rif en heg af.

SKOUEBANDE (2)

Gebruik kontraskleur, stel 9 ste op.

1e rif-ry: r1, (aw1, r1) tot einde.

2e rif-ry: aw1, (r1, aw1) tot einde. Brei rif soos vasgestel tot band sowat 30 cm lank is. Heg rifs-gewys af.

AFWERKING

Vou pote, lyf en kop oorlangs dubbel sodat ry-eindes van lyf en kop bymekaarkom om middel-agternaat te vorm.

Ryg 'n intrekdraad deur die

opstelrande van elke poot, trek dan styf in om basis van pote te vorm. Werk pootnate toe.

Werk afhegrande van kruis van voor- en agterpant toe, dan middelagternaat tot begin van halsvorming.

Draai die werk na RK om en stop pote en lyf op, vorm tege-lykertyd die lyf.

Werk met leersteek die oorblywende deel van rug en kop aan RK toe, vul dit op en vorm dit namate jy vorder. Werk die afhegrand bo-aan kop toe, trek die naat styf toe.

Ryg 'n intrekdraad deur die opstelrand van elke voerpoot, trek styf op, vul op en werk stewig toe. Werk synate toe, en werk dan afhegrande van voerpote aan sykante van lyf was, soos op skets aangedui. Vou ore oorlangs dubbel en werk ry-

eindes toe om 'n naat te vorm. Draai na RK om en stop liggies op. Ryg 'n intrekdraad deur sowel die opstel- as afhegrande, trek styf vas en werk só af. Werk ore aan kop vas soos op skets aangedui.

Werk die 2 broekpante aan mekaar vas. Werk afhegrande van bande aan riffelboord van agterpant vas, kruis bande oor en werk aan voerpant was, werk terselfdertyd 'n knoop aan riffelboord van voerpant vas.

Gebruik bruin draad en borduur oë en neus met satynsteek, dan bek met agtersteek.

Ryg 'n dubbele intrekdraad deur hals, trek effens in, werk dan stewig af.

Elmarie Mostert het die beertjie eksklusief vir ROOI ROSE gebrei.